# Welkom by NG The Reeds

## Veilige hawe vir nuwe hoop

‘n Veragte vreemdeling – onder die vlerk geneem.

# Votum

Ons kom na U toe, Here,
die God wat die vreemdeling raaksien,
die God wat onder sy vlerke skuiling bied,
die God wat nuwe toekoms laat groei
waar daar geen hoop meer was nie.
Ons hulp is in die Naam van die Here
wat hemel en aarde gemaak het.

# Seëngroet

Genade en vrede vir julle
van God ons Vader,
wat sy vlerke oor die weerloses uitstrek,
en van Jesus Christus,
die Kind uit 'n onverwagte lyn,
die Een wat gekom het
om vreemdelinge in te sluit.

# Lied 354: 1

O Christus, ons verlange,

U het ons heil gebring.

Sal ooit ons jubelsange

u lof na waarde sing?

# L 354:1 (vervolg)

Vervul in welbehae
ons harte met u Gees;
skenk ons in hierdie dae
'n ware Christusfees.

# L 354:2

U wat as Hemelkoning

in heerlikheid regeer,

maak onder mense woning;

daal as 'n dienskneg neer -

# L 354:2 (vervolg)

en herders vind 'n Herder
oor wie hul dankbaar juig;
en wyses vind dié Wysheid
voor wie hul biddend buig.

# Rut 2 & 3
# Matteus 1:5



# Lied 254: 1

Vroue

Spreek Heer,

spreek Heer,

want u diensmaagd luister.

Net u Woord, Heer,

bring weer lig in duister.

## Mans

**Spreek Heer,**

**spreek Heer,**

**want u dienaar luister.**

**Net u Woord, Heer,**

**bring weer lig in duister.**

# L 254:2

Spreek Heer, spreek Heer,

want u kinders luister.

Net u Woord, Heer,

bring weer lig in duister.


Rut 2, 3 & 4
Matteus 1:5

2:1. Naomi het 'n vermoënde familielid gehad van haar man Elimelek se kant af. Sy naam was Boas. 2. Rut, die Moabitiese vrou, vra toe vir Naomi: “Mag ek lande toe gaan om are op te tel by iemand wat my toelaat om dit te doen?” Naomi antwoord haar: “Gaan gerus maar, my dogter.”

5. Boas vra toe vir sy voorman: “Wie is daardie meisie?” 6. en hy antwoord: “Sy is **'n Moabitiese meisie** wat saam met Naomi van Moab af gekom het.

8. Boas sê toe vir Rut: “Luister, my dogter, moenie op 'n ander land gaan are optel nie; moet ook nie hier weggaan nie. Bly hier by die meisies. 9. Bly op die land waar hulle oes, en volg hulle. Ek het die mans aangesê om jou nie lastig te val nie. En wanneer jy dors is, gaan na die waterkruike toe en drink van die water wat die werksmense vir hulle geskep het.” 10. Rut het diep gebuig voor Boas en gevra: “Waarom is u so goed vir my en stel u belang in my, in 'n *buitelander*?”

11. Boas antwoord haar toe: "*Ek weet van alles wat jy vir jou skoonma gedoen het na die dood van haar man en dat jy jou ouers en jou geboorteland verlaat het en na 'n volk toe gekom het waarvan jy vantevore niks geweet het nie. 12. Mag die Here jou beloon vir wat jy gedoen het. Mag jy 'n welverdiende beloning ontvang van die Here die God van Israel* ***onder wie se vleuels jy kom skuil het****.*" 13. Sy het geantwoord: "*Meneer, u bewys my 'n guns, u laat my goed voel, u is vriendelik met my, al is ek nie eers een van u slavinne nie.*" ....

Boas het Rut genooi om saam te eet

4:13. Boas het toe met Rut getrou en hy het gemeenskap met haar gehad. Die Here het haar swanger laat word, en Rut het 'n seuntjie in die wêreld gebring. 14. Die vrouens sê toe vir Naomi: *"Aan die Here kom die lof toe omdat Hy vandag vir jou 'n losser gegee het. Mag die losser se naam bekend wees in Israel, 15. en mag hy vir jou vreugde bring en jou op jou oudag versorg. Jou skoondogter wat jou liefhet en wat vir jou meer werd is as sewe seuns, het hom in die wêreld gebring."*

16. Naomi het toe die seuntjie op haar skoot gevat en as haar eie aangeneem. 17. Haar buurvroue het die seuntjie toe 'n naam gegee. Hulle het hom Obed genoem en gesê: “*'n Seun is vir Naomi gebore.*” Obed was die voorvader van Dawid.

# ‘n Veragte vreemdeling - onder die vlerk geneem





Almal ken
arrogante
en egoïstiese
mense

# Die boek Rut -
# God red sy volk van arrogansie en egoïsme





# Boek Rut ontstaan net na Ballingskap

# Die konteks ná Ballingskap:

- Jerusalem lê in puin
- Die volk is gebreek



# Esra en Nehemia - groot vrae:



- Hoe herstel ’n mens ’n verwoeste land?
- Wat maak jy met ’n volk wat alles verloor het?
- Wat maak jy met morele en geestelike verval?
- **En dalk die diepste vraag:** Hoe verstaan en gebruik jy die Bybel in só tyd?


# **Antwoord was duidelik:**

- Mure moes herbou word
- Tempel moes herstel word
- Die volk moes terugkeer na streng onderhouding van die wet (dissipline)
- *"Alles sal regkom as ons net weer presies doen wat die Bybel sê"*



# Die prys van streng interpretasie


- Herstel van orde en identiteit
- Maar ook groot hartseer
- Gesinne uitmekaar geskeur
- Moabitiese en Ammonitiese vroue en kinders weggestuur
- **Deut 23**: nie welkom in die volk nie



# Jy hoort nie hier nie...

Die wet is gehoorsaam, maar mense is verpletter!

Suiwere bedoelings het stuk arrogansie en egoïsme laat ontstaan!



Wie is die “vreemdelinge” van ons tyd?

# ..maak dat jy wegkom!


Naomi het alles verloor
Terugkeer – nie nuwe lewe, wel om te sterf
Teen hierdie harde uitleg van die wet en arrogante lewenshouding wil die boek Rut ‘n ander stem laat hoor


Haar Moabitiese skoondogter loop saam
Teen hierdie harde uitleg van die wet wil die boek Rut 'n ander stem laat hoor

# Rut se keuse

*"Waar u gaan, sal ek gaan... U volk is my volk; u God is my God."* (Rut 1:16)

- Nie gegrond op wette of argumente nie
- **'n Keuse uit deernis, lojaliteit en liefde**
- Groot risiko


Deur Rut se keuse
wys God iets van
Sy hart – Hy is
deur mense
by mense



# ’n Kwesbare werklikheid

- Twee weduwees
- Geen inkomste
- Afhanklik van God se voorsiening
- Wet maak voorsiening vir armes en vreemdelinge (Deut. 24) uit eie geledere



# Rut op Boas se land

- Rut waag dit om are op te tel
- ’n Moabitiese vrou op ’n Israelitiese land
- Groot spanning: <u>Wat gaan Boas doen</u>?



# Twee moontlike reaksies:

## Volgens Esra en Nehemia:

- Wegjaag
- Beskerm die wet

## Volgens Boas:

- Nooi in
- Beskerm die mens

# Boas se keuse



- Ignoreer nie die wet nie
- Weier ’n liefdelose interpretasie
- Sien Rut raak - menswaardigheid
- Doen méér as wat die wet vereis



# Die wet geradikaliseer

- Doelbewus ekstra are
- Nooi haar om saam te eet
- Beskerming en waardigheid
- Liefde bo minimum vereistes






**Hoekom tree Boas so vreemd op?**



# ’n Simboliese oomblik

- Rut neem kos huis toe vir Naomi
- Trek ’n streep deur die negatiewe geskiedenis – breek die siklus
- Moabiet help ’n Israeliet
- Vooroordeel word ontmasker

# Die kernvraag




- Die vraag is nie: **Is ons Bybelgetrou?**
- Die vraag is: **<u>Hoe lees ons die Bybel</u>?**
- Met uitsluiting?
- Of met barmhartigheid?

# Jesus se interpretasie

- “My juk is sag en my las is lig” (Mat. 11)
- Geneesing op die Sabbat (Mat. 12)
- Barmhartigheid vervul die wet

# Matteus 1:5



- Rut, die Moabitiese vrou
- Deel van Jesus se geslagsregister
- Die vreemdeling word ingesluit
- Onder God se vlerk geneem

# Hoe lyk die ware kerk?

- Nie sonder die Bybel nie
- Maar met ’n barmhartige lees van die Bybel
- Nie sonder grense nie
- Maar met wyer grense van genade
- Nie arrogant nie, maar met hart van liefde

# Advent-uitnodiging

- Wie is die Rut van ons tyd?
- Wie staan buite?
- Wie wag om onder die vlerk geneem te word?

# Oproep vandag



’n Kerk wat kies vir liefde
’n Kerk wat waag
’n Kerk wat nuwe lewe moontlik maak

# ‘n Veragte vreemdeling - onder die vlerk geneem



# Gebed



# Offergawes



# Offergawes



# Lied 284: 1

Laat Heer u vrede deur my vloei

Waar haat is, laat ek daar liefde bring.

Laat ek in pyn en

smart vertroostend wees

En krag gee deur geloof in U, o Heer

*Refrein*

*O Heer, help my om altyd so te leef –*

*om ander hoër as myself te ag,*

*Ja, om lief te hê – ander bo myself –*

*en ook eerder te gee as te verwag.*

# L 284:2

Laat Heer u vrede deur my vloei

en laat ek hoop gee waar daar twyfel is.

Ek wil u lig in duisternis laat skyn.

Laat ware vreugde altyd uit my straal

***Refrein***

***O Heer, help my om altyd so te leef –***

***om ander hoër as myself te ag,***

***Ja, om lief te hê – ander bo myself –***

***en ook eerder te gee as te verwag.***

# L 284:3

Laat Heer u vrede deur my vloei…

Leer my om ook soos U te kan vergeef.

Maak my bereid om aan myself te sterf,

dat ander U al meer in my kan sien.

# Seën

Gaan dan onder die vlerke van God uit,
* die God wat Rut raakgesien het,
* die God wat Boas se hart oopgemaak het,
* die God wat uit vreemdelinge draers van hoop maak.

Mag julle self
mense word
wat ruimte maak,
wat insluit,
wat skuiling bied —
in die Naam van die Vader,
die Seun en die Heilige Gees.
Amen